

Dinsdag 25 April

Skrifgedeelte: Openbaring 1:17-18; 2:8-11

Fokusgedeelte: Openbaring 2:8-11

Jesus Christus, ons Koning, het volle beheer oor goed en kwaad, selfs oor die dood

Hierdie tweede brief wat Koning Jesus Christus aan sy kerk skryf, is gerig aan die gemeente in Smirna; maar, soos die res van die sewe briewe in Openbaring 2 en 3, is dit bedoel vir die kerk van alle tye, ook vir ons vandag.

In die brief troos Hy gelowiges wat swaarkry. Verdrukking, armoede, vervolging, gevangenskap en selfs die dood – dit was wat die kerk in Smirna in die gesig gestaar het (2:9-10). Hoewel hierdie ellendes deur mense oor hulle gebring is, was dit die werk van die duiwel self (2:10), wat altyd daarop uit is om die kerk van die Here te vernietig. Tot vandag toe hou hy daarmee vol. Daarvan is die geloofsmartelare ook in ons tyd 'n bewys.

Christus troos ons egter dat ons nie vir swaarkry hoef terug te deins nie, want soos alle ander dinge is ook die swaarkry wat ons ly, onder sy beheer. Die duiwel het wel bose bedoelings daarmee, maar Christus gebruik dit positief. Christus laat dit toe om ons geloof daarmee op die proef te stel (2:10). Hy verseker ons ook dat Hy dit nie langer sal laat aanhou as wat nodig is nie – net “tien dae lank” (2:10). Hy is immers die eerste en die laaste (2:8), die begin en die einde, wat die oorsprong en die afloop van alle dinge bepaal. Dit geld ook vir beproewings wat oor die kerk kom.

Selfs die dood is onder Christus se beheer. Hy het immers die dood oorwin, Hy wat dood was en weer lewend geword het (2:8). Hy het die dood ook vir ons oorwin, sodat ons nie meer daarvoor hoef bang te wees nie en getrou in sy diens kan staan, selfs al word ons met die dood gedreig. Hier op aarde mag ons dalk sterwe, maar Christus sal aan ons die kroon van die lewe gee (2:10). Hy het ons immers bevry van die tweede dood, die ewige dood (2:11), om as oorwinnaars die ewige lewe by God te beërwe. In die oë van die wêreld is ons dalk arm, maar in Christus is ons ryk, skatryk (2:9).

Sing: Skrifberyming 39 (15-3):1, 5

Prof. GJC Jordaan (Jorrie) (emeritus)